DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

)EEL XII. Donderdag 17 Oktober 1957. No. 15.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

# ]erste A.S.B-Saamtrek 'n SUKSES

## HONDERD PUKKE RUK OP NA PRETORIA.

### Besoek aan die Voortrekkermonument Inspireer.

Nadat besluit is om 'n saamtrek te hou van die Transvaalse A.S.B.-Takke, is dadelik 'n begin gemaak deurdat takke van Pretoria, Heidelberg en Potchefstroom, asook lede van die Afrikaanse kultuurvereniging aan die Witwatersrandse Universiteit, op 10 Oktober 1957 as 'n eenheid aan die Krugerdag-vierings in die Administratiewe Hoofstad van Suid-Afrika deelgeneem het. Elke opregte Afrikanerhart klop weer warm na 'n besoek aan die Voortrekkermonument, toesprake deur Kabinetslede Jan de Klerk en F. C. Erasmus, en die kranslegging aan die voet van die standbeeld van Paul Kruger.



MIN. J. DE KLERK.
(Sien sy toespraak op bladsy drie.)

**DRIE BUSSE.**

Dit was nog skemerdonker toe groepies van twee en meer studente die wagtende busse in die grysgrou môrelig begin nader het. Om kwart voor ses het die drie busse met meer as honderd passasiers aan boord die lang pad aangedurf en bykans drie uur later weer by die Caledoniese sirkel in Pretoria tot stilstand gekom.

**OPTOG.**

Hiervandaan het verteenwoordigers van al die takke 'n optog begin wat later in Kerkstraat aangesluit het by lede van die Voortrekkerbeweging en skoolkinders. Op Kerkplein het die A.S.B. posisie ingeneem saam met afdelings van die Leër- en Lugmaggimnasia asook die aktiewe burgermag. Verder was lede van die publiek ook goed verteenwoordig.

**MIN. F. C. ERASMUS.**

Stiptelik om 10 vm. het almal opgestaan om die Goewerneur-Generaal, sy edele Dr. E. G. Jansen te verwelkom. Hierna het die feesredenaar, Min. Erasmus, sy huldigingsrede aan Paul Kruger ingelei deur na die standbeeld van die „Groot man" te verwys met die woorde: „Hy staar die ure om tot sy Republiek weer kom!" In 'n kragtige toespraak toon die spreker aan hoedat die droombeeld van Oom Paul van 'n verenigde Suid-Afrikaanse grondgebied besig is om in vervulling te gaan. Die spreker toon aan deur 'n geskiedkundige agtergrond van Paul Kruger dat S.A., een van die kleinste volkies van die toenmalige wêreld, 'n wêreldfiguur opgelewer het, wat dieselfde ideaal nagestreef het as Cicil J. Rhodes, maar met 'n ander doel. Paul Kruger was 'n man langs wie 'n Bismarck homself klein gevoel het as diplomaat. Afsluitend het die spreker gesê dat Paul Kruger dan groot sal wees, wanneer ook die Protektorate by die Unie ingelyf is.

**DIE VOORTREKKERMONUMENT**

Na die oggendverrigtings deur 'n kransleging, waaraan die A.S.B. ook deelgeneem het, afgesluit is, het die Pretoriase takke as gasheer die ander lede by Die Fonteine op 'n braaivleis getrakteer. Om eers 'n bietjie te herstel as gevolg van te veel wors en koffie, het almal geluister na grappies van verskeie persone onder leiding van Johan Strauss. Hierop het die besoek aan die Monument gevolg wat opnuut die nasionale bewustheid in die hart laat opvlam het.

**UNIEGEBOUE.**

Terwyl die Pukke hulle verlustig het in die skoonheid van die tuine voor die Uniegeboue, het die reën hulle teruggejaag na die veiligheid van die busse. Ongelukkig het 'n misverstand met die bestuurders ontstaan wat amper daarop uitgeloop het dat die slotfunksie, verskuif na die Stadsaal, nie bygewoon is nie.

**EREWAG VIR MIN. JAN DE KLERK.**

Saam met die ander takke het 25 Pukke 'n erewag vir Sy Edele Min. J. de Klerk gevorm voor die ingang van die Stadsaal. Voor 'n stampvol saal is 'n program afgehandel waarin die President van die A.S.B., Mnr. Johann v.d. Vyver, die rol van die Afrikaanse Studentebond in die Volkslewe geskets het. Die hoofdis van die aand was die vurige toespraak van Min. De Klerk. Die geagte spreker het teen die agtergrond van Paul Kruger se lewe, waarin hy sy Godsdiensoortuiging laat deurwerk het op elke terrein van die lewe om sodoende dié draer van die vryheidsideaal te wees, 'n beroep gedoen op die Afrikanervolk om terug te keer na die God van sy Vaders.

## KONSERT VIR STUDENTEVARIA.

Na die fiasko wat die vorige konsert vir Studentevaria opgelewer het, het die S.A.U.K. tog ingestem om nogeens hierheen te kom vir 'n opname van die konsert.

Die datum is bepaal vir Woensdagaand, 23 Oktober, om sewe-uur. Dit is sekerlik onnodig om 'n beroep te doen op die Pukke om dit geesdriftig te ondersteun, want die noodsaaklikheid om hierdie keer 'n sukses daarvan te maak, is duidelik. Mag die Pukke dan in groot getalle opdaag en 'n aand van aangename ontspanning deurbring voordat die eksamen begin!

## VOLKSPELE NUUS.

Op die keuring vir die Volkspele Europese-toer wat op Saterdag 28 September plaasgevind het, het twee van die Pukke daarin geslaag om deur te dring na die semi-finaal wat op Saterdag 9 November op Germiston sal plaas vind. Die Pukke is Hansie Grobler en Doppies le Roux.

Die toer vind volgende jaar Mei, Junie en Julie plaas. Doppies het ook deurgedring in die semifinaal vir die Binnelandse Toer wat in Januarie, Februarie en Maart aanstaande jaar plaas vind.

ADVERTEER IN „DIE WAPAD"

ALF'S STUDIOS

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

**maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee**

ALF'S STUDIOS

**KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater) geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.**

'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUKDIENS (Aflewering binne agt uur) word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.

**As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.**

S.A.N.L.A.M.

**Word verteenwoordig deur**

**Mnr. J. Venter**
Dawie du Plessis, Heimat,
Piet Grobler-huis,
Teologiese studente.

**Mnr. H. van Rooy**
Klawerhof, Ons Huis, Postma Huis, Uitspan, De Klerk Huis.

**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

MALAN MEUBILEERDERS

**S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,**

**POTCHEFSTROOM.**

•

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

EXCELSIOR MEUBELS

**Kerkstraat 184 — Potchefstroom — Telefoon 743**

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**

**ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.**



# Die Wapad

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

Donderdag 17 Oktober 1957.

**REDAKSIE**

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos Mej. L. Heslinga; Fotograaf: J. van der Walt.

**ADMINISTRASIE**

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.


## Is u medeverantwoordelik?

„Hulle sê die nie-blanke word in Suid-Afrika onderdruk."

„Hulle sê die naturelle word in hulle honderdtalle met masjiengewere doodgeskiet."

„Die derde wêreldoorlog sal in Suid-Afrika begin: die onderdrukte afrikane sal in opstand kom, swart Afrika sal hulle te hulp snel, Rusland sal die wapens voorsien, daarom sal Amerika die blankes help en daar het jy dit!"

Hierdie en dergelike bewerings word algemeen ten aanhore van almal wat wil luister in en deur selfs die hoogste kringe in die buiteland gemaak. Dit berus inderdaad op vooroordeel en onkunde; dit is selfs lagwekkend, maar die moontlike gevolge van die wanopvattinge kan nie gering geskat word nie. Suid-Afrika kan hom nie losmaak van sy westerse ekonomiese en militêre verband nie en die wêreld-opinie mag ons dus nie algeheel koud laat nie

Wie is verantwoordelik vir die vooroordeel en wanopvattinge van die buiteland t.o.v. Suid-Afrika? Die Engelse pers, ja en ook N.U.S.A.S., wat onlangs weer op die sewende internasionale studentekonferensie bewys gelewer het dat hulle geen voet sal versit om Suid-Afrika te verdedig nie en wat trouens die vooroordeel wil bevestig en selfs versterk. N.U.S.A.S. openbaar homself almeer as die spreekorgaan op studente terrein van die liberale party en het sodanig die wapens ook op die internasionale studenteterrein opgeneem.

Maar is die Afrikaner en meer bepaald die Afrikanerstudent in hierdie verband vry te spreek? Die blanke wat die nie-blanke minag en hom dienooreenkomstig behandel is die grootste sondaar, want sy optrede word die motivering vir alles wat ons vyande wil bewys. Ons moet ten enemale besef dat die nie-blanke, hoewel in 'n gesegregeerde gebied, ons gelyke met gelyke regte en geleenthede gaan word; maar meer nog, moet ons aanvaar dat hy ook 'n mens en deur God geskape is en daarom op ons agting en respek geregtig is. Die gesindheid van die blankes en in besonder van so baie Afrikaners is die grootste struikelblok in die weg van die afsonderlike ontwikkelings-ideaal

Maar ook ons eie onkunde oor die nasionale vraagstukke is landsgevaarlik. Elke Suid-Afrikaner wat binne die grense van ons land met buitelanders in aanraking kom, moet dieselfde vraag

(Vervolg op bladsy 3.)

## Oordenking

### ALLES TEN GOEDE.

Rom. 8:28. „En ons weet dat vir hulle wat God liefhet alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is."

Ons weet . . . . .

Ons hele studie is daarop gerig dat ons eenmaal, in die eksamen of in ons verdere lewe, elkeen met betrekking tot sy eie vak kan sê: Ek weet, ons weet. Die wêreld se wetenskap het vandag tot ysingwekkende hoogtes gestyg, maar per slot van rekening is dit tog niks nie, want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God.

Daarteenoor staan die „Ons weet . . . . . " van die geloof, en hierdie wete is veel sekerder as dat die aarde rond is, want dit is gegrond op die Openbaring van God.

Wat is nou die inhoud van hierdie wete? Dit—„**dat vir hulle wat God liefhet ALLES ter goede meewerk**". Hierdie **alles** moet ons neem in die ruimste sin van die woord. Niks word daardeur uitgesluit nie. Goeie en slegte dinge werk vir ons mee ten goede.

Dat die goeie dinge wat in ons lewe gebeur het tot ons beswil is, is nie moeilik om te verstaan nie, maar hoe is dit moontlik van die slegte?! En tog, hierdie **alles** in hierdie skrifgedeelte sien veral op die slegte, op ons lyding, op dit wat teen ons wil met ons gebeur. Ons teleurstellings, smarte, verdriet, verbittering, skandes, vergeefse moeite—dit alles is ten goede vir hulle wat God liefhet.

Ons weet almal dat dit tussen die aambeeld en die harde houe van die hamer is waar die yster gevorm word om te beantwoord aan sy bestemming. So plaas God ons dikwels op Sy goddelike aambeeld en laat harde houe van teëspoede en ellende op ons neerdaal sodat ons gevorm kan word vir ons ewige bestemming. So is dan die harde houe in ons lewe ons ten goede.

Wat 'n ontembare optimisme is dit nie!

Maar een saak moet ons hier nie uit die oog verloor nie. Alles werk ten goede mee alleen **vir hulle wat God liefhet.** Dit is die absolute voorwaarde in hierdie vreugdevolle wetenskap: ons moet Hom liefhê met ons hele hart, siel, verstand en met al ons kragte. Ons weet egter ook dat ons uit onsself God nooit kan liefhê nie, want ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat! God self moet dus ook weer die liefde in ons harte lê en Hy lê dit alleen in die harte van hulle **wat na Sy voorneme geroep is,** hulle wat Hy uitverkies het.

O, hier staan ons voor die geweldige dieptes van God se genadeweldade: uit vrye welbehae het God ons uitverkies; aan ons wat Hy uitverkies het gee Hy self dit dat ons Hom kan liefhê, en as ons Hom liefhet, werk alles vir ons ten goede mee.

Genade, alles genade!

P. J. DE BRUYN.

---

(Vervolg van bladsy 2.)

beantwoord: „Wat is die redes vir en die inhoud van apartheid?" En in die meeste gevalle doen die antwoorde wat verstrek word, as gevolg van eie onkunde, meer kwaad as goed.

Is U ook skuldig?

Dit is die taak van elke student om hom op hoogte te stel met die landsprobleme van en beleidsrigtings in Suid-Afrika; om in sy optrede teenoor die ander rasse en met sy voorligting oor ons land, daardie integriteit en positiwiteit te bewys wat die enigste middel is waarmee en waardeur die vooroordeel en wanbegrippe van die buiteland ten opsigte van Suid-Afrika uit die weg geruim kan word.

Die Afrikaner mag sy beginsels nie prysgee of verwater nie, maar moet die waarheid en die opregtheid van sy bedoelings op 'n positiewe wyse openbaar en wel met die hulp, samewerking en verantwoordelikheidsbesef van elke Afrikanerstudent.

J. D. v.d. V.

# Besielende rede van Jan de Klerk

### „ TERUG NA DIE GELOOF VAN ONS VADERS."

„Tog is ek vol hoop en vertroue vir die Afrikanervolk van die toekoms!" Op hierdie noot kon Sy Edele, Min. Jan de Klerk, sy rede beëindig gedurende die aand se verrigtinge met die Krugerdagvierings te Pretoria. Dit was inderdaad 'n besielende hoogtepunt en slot vir die dag se verrigtinge.

Nadat mnr. Johan van der Vyver die taak van die A.S.B. in die toekoms van ons volk geskilder het, het die Minister aan die woord gekom. Met groot waardering het hy gewag gemaak van die mooi erewag wat met sy aankoms voor die Stadhuis opgestel was. Hy wou dit nie sien as 'n teken van persoonlike hulde nie, maar veel eerder as 'n teken van hulde aan en liefde vir 'n ideaal wat nog steeds brand in die hart van die Afrikaner. Daarna het spreker begin om aan te toon waarom Kruger vandag nog met reg so 'n besondere plek in die denke en hart van die Afrikaner beklee.

Soos G. A. Watermeyer tereg sing in sy bundel, „Die Republiek van Duisend Jaar", was Kruger die penwortel van die Afrikanergedagte met alles wat dit insluit: 'n vrye Republiek, 'n verenigde volk en 'n verenigde Suid-Afrika wat strek vanaf die Kaap tot aan die Sambesie. Verder het die Minister aangetoon hoedat die President die vader en vriend van die eenvoudigste lid van sy volk was, maar ten spyte van sy eenvoud 'n plek verower het in die geskiedenisboeke van die wêreld.

Die geesteskrag vir die deurvoer van sy besluite en die bewaarheid van sy ideale, het Kruger geput uit sy onwankelbare geloof in die God van sy vaders. Met die vaste wete dat die Wil van God sal geskied en dat Hy alles ten goede bestier, kon hy ongestoord voortgaan op sy ingeslane weg. En op alle terreine van die lewe, het Paul Kruger steeds daarna gestreef om te handel in ooreenstemming met die riglyne wat hy in die Woord van God gevind het. Dit het hom geleer dat die optrede van die mens teenoor sy naaste altyd menslik moet wees; dat die mening van andere gerespekteer moet word (dit sluit ook verdraagsaamheid in teenoor diegene van 'n ander godsdienstige oortuiging as hyself) en dat ook die staat veskuldig is om in sy optrede altyd na die Eer van God te vra.

Wat ons volk met sy besondere probleme vandag nodig het, is 'n terugkeer na die paaie wat die President bewandel het. Ook vandag is dit nodig om die godsdiens van die vadere weer tot ons eie te maak. Alleen met dieselfde wapenrusting as Kruger, kan ons spreker glo dat daardie eienskap van ons volk wat in Kruger so duidelik na vore gekom het, nie heeltemal verlore is nie en dat dit nog in die aard van die Afrikaner lê om die Bybel as deel van sy lewe te aanvaar. Daarom dat die toekoms van die Afrikaner hoopvol lyk ten spyte van die oorweldigende probleme waarvoor ons steeds staan.

Die langdurige applous aan die einde van die Minister se rede, het duidelik bewys dat die gehoor die besondere woorde ten seerste waardeer en dat dit almal grootliks beïndruk het.

---

### AAN ALLE SKRYWERS EN REDAKTEURS.

As deel van hul pogings om die studentepublikasies op 'n steeds hoër peil te kry, sal die Studenteraad aan die begin van volgende jaar 'n reeks lesings reël vir almal wat voornemens is om gedurende die jaar bydraes tot ons publikasies te lewer.

Vir alle skrywers en joernaliste, redaksielede en belangstellendes, sal deur ervare joernaliste lesings gehou word. Aan die persone sal die vereiste vir goeie joernalistiek verduidelik word. Vir die tegniese adviseurs van die verskillende publikasies sal deur drukkerstegnici lesings gehou word sodat hulle so goed moontlik sal kan omsien na die tegniese sy van ons blaaie.

---

## VRA KWOTASIES AAN!

Weens moeilikhede wat elke jaar ontstaan omtrent drukwerk wat deur die verskillende liggame onder die Studenteraad gedoen laat word, het die Studenteraad dit as beleid aanvaar dat behoorlike kwotasies van drukkerye aangevra moet word voordat drukwerk aan 'n sekere drukkery vir afhandeling gegee word. Dit geld nie net vir die Studentekoerant, Joolblad of Jaarblad nie, maar ook vir plakkate, kaartjies, programme, ens.

In hierdie saak sal die heelhartige samewerking van die onderliggame waardeer word. Indien praktiese moeilikhede opduik, word van die betrokke instansies verwag om vroegtydig met die Studenteraad samesprekings in die verband te voer.

# Suid-Afrika waarheen?

## ALGEMENE INDRUKKE VAN DIE A.S.B. VERTEENWOORDIGER OP I.S.K.

Na die terugkeer van mnr. J. van der Vyver, afgevaardigde om die A.S.B. te verteenwoordig op die pan-Afrikaanse studenteseminaar, wat vanaf die 2de tot 8ste September in Akkra (Ghana) plaasgevind het en die Internasionale Studentekonferensie wat gehou is vanaf 11 tot 23 September in Ibadan (Nigerië) is daar heelwat te sê.

In 'n lywige verslag ter insae in die S.R.-kantoor, gee mnr. Van der Vyver sy indrukke en wedervaringe weer. 'n Hoofsaaklik letterlike weergawe van sy algemene indrukke sal sy vrug dra!

### LIDMAATSKAP:

Mnr. Van der Vyver het tot die gevolgtrekking gekom dat die A.S.B., om lidmaatskap op die I.S.K. te kry, sy lidmaatskap sal moet oopstel vir alle studente in S.A., daarom sy seksionele kulturele aard en grondslag sal moet prysgee en miskien selfs sy rassebeleid sal moet opoffer. Is die I.S.K. dit werd?

### DIE I.S.K. IN WESE:

Die I.S.K. verdoem kolonialisme, imperialisme en totalitêre staatsinstellinge, d.w.s. hulle verdoem dit in naam, want elkeen moet die begrippe self definieer. Almal besef dat 'n offisiële omskrywing van dit wat hulle verdoem die einde van die I.S.K. sal beteken. U moet geen intellektuele argumente of selfs elementêre logika by die I.S.K. soek nie—hulle word gelei deur emosie. Menseregte is hulle slagspreuk en alles wat enigsins lyk op 'n ondermyning daarvan, word summier afgekeur, ongeag die redes of selfs die inhoud van die betrokke beleid. 'n Gees van liberalisme en selfs ateïsme maak die konferensie vir die Afrikaner laakbaar.

### N.U.S.A.S. SE ROL:

En agter die naambord „Union of South Africa" sit N.U.S.A.S. wat geen uitsondering is nie. Geen pogings van hulle kant om selfs een goeie woordjie vir S.A. te sê nie, want die I.S.K. het die slagveld van die Liberale Party geword. Die stryd wat hulle in S.A. verloor het, wil hulle op die internasionale platform voortsit en hulle doen dit voor 'n geesdriftige gehoor. Die Afrikaner dan? Hy het die 19de eeu met sy liberaliseringsinvloede algeheel oorgeslaan, so word met innige simpatie en deelneming verklaar. Maar ons dank God daarvoor, want daarom glo ons nog aan ons volk en ons God.

Maar daarom ook bied die buiteland vir ons so weinig vriende. Hoe kan dit ook anders, want N.U.S.A.S. is ook ons vyand en miskien die grootste, want hulle sal die vooroordele t.o.v. S.A. eerder stimuleer as beveg. Hulle word gerugsteun deur talle Suid-Afrikaners wat hulle in die buiteland gevestig het en selfs deur Afrikaners wat d.m.v. hulle optrede teenoor die nie-blankes van ons land, die skietgoed voorsien; selfs A.S.B.-lede en -toerlede wat d.m.v. hulle eie onkunde t.o.v. die probleme van ons land en die subtiele antwoorde op die eerste vraag van die buiteland: „Wat is Apartheid", meer kwaad as goed doen.

Dan is die verstommende feit dat die grootste vriende van u verteenwoordiger op die I.S.K. negers en ander nie-blankes was, wat gedurig met vrae en argumente oor S.A. hulle kennis wou verryk.

### APARTHEID:

„Hoe het jou besoek aan Ghana en Nigerië jou standpunt oor apartheid beïnvloed?" en mnr. V.d. Vyver antwoord „Dit het my geloof verstewig, want ek glo nou meer as ooit tevore dat die nie-blanke daartoe in staat sal wees om politieke regte in sy eie gebiede na behore te gebruik; ek glo meer as ooit tevore aan die noodsaak van die behoud van 'n blanke beskawing in Suid-Afrika as die enigste waarborg teen kommunisme—nie omdat Wes-Afrika kommunisties is nie, maar omdat hulle openlik getuig van hulle simpatie met die Ooste as die gebied wat vir hulle materieel die meeste voordele inhou. Die infiltrasie vanuit die Ooste in Afrika kan nie ontken word nie. Dan bedoel ek egter nie soseer die ideologie nie, maar die £.s.d. wat die ideologie voorafgaan. Daar word selfs in gesaghebbende kringe gepraat van die oorlog teen S.A. wat binnekort sal plaasvind om die ,onderdruktes' te verlos. van Russiese hulp in dié verband, ens. Ek het egter ook opnuut onder die indruk gekom van die noodsaaklikheid van 'n algemene omwenteling in die gesindheid van so baie Afrikaners t.o.v. die nie-blankes—daardie Afrikaners wat die nie-blankes minag. Maar bo alles het ek opnuut geloof gekry in die Afrikanervolk." Die Afrikaner mag sy beginsels nie prysgee nie, ongeag wat die buiteland mag sê en dink, maar deur positiewe optrede, veral in die uitvoering van sy beleid, maar ook deur voorligting binne en buite ons land, moet hy homself, sy integriteit en die waarheid van daardie beginsels bewys. Ons vra geloof, eerlikheid en posiwiteit.

### AANBEVELING.

Die volgende aanbeveling van mnr. J. v.d. Vyver is deur die Hoofbestuur van die A.S.B. goedgekeur en sal aan die pers en Unieregering gestuur word:

„Die A.S.B. het met afkeur kennis geneem van die talle besluite van die sewende I.S.K. m.b.t. verskillende huishoudelike politieke aangeleenthede van S.A. en is negatief beïndruk deur die oppervlakkigheid van die konferensie. Die A.S.B. glo dat die besluite berus op vooroordele en/of 'n gebrek aan kennis van die toestande in S.A.—feite wat nie ontken word nie—en versoek die Regering om alle protesbriewe wat hy op grond van dié besluite sal ontvang, te ignoreer.

Die A.S.B. glo en vertrou dat die Regering alle pogings in die werk sal stel om die beginsels, soos deur die A.S.B. geformuleer m.b.t. die rassevraagstuk van ons land, so spoedig moontlik in die praktyk te bring en bedank die Regering by hernuwing vir dit wat hy in hierdie verband reeds tot stand gebring het.

Die A.S.B. keur die optrede van N.U.S.A.S. op die sewende I.S.K. ten sterkste af. Die A.S.B. glo dat N.U.S.A.S. op die sewende I.S.K. ten bygedra het om die vooroordele wat daar in die buiteland t.o.v. S.A. bestaan, te stimuleer en laak die feit dat N.U.S.A.S. nog steeds van internasionale platform gebruik maak om die politieke stryd, wat hy reeds in S.A. verloor het, voort te sit."

Die A.S.B. vertrou dat die optrede van sy verteenwoordiger op die 7de I.S.K., daartoe sal bydra om die vooroordele wat daar in die buiteland t.o.v. S.A. bestaan, uit die weg te ruim."

Verder ondersoek die Hoofbestuur die moontlikheid van 'n studietoer deur Sentraal-, Oos- en Wes-Afrika en die uitgee van 'n propagandapublikasie in die drie offisiële tale van die I.S.K. (Engels, Frans, Spaans).

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)
BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n
**FIETS aan te skaf.**
**C. V.D. MERWE**
FIETSHANDELAAR

**LOOCK & KEENEY**
**Kleremakers**
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 150 — Telefoon 855.
POTCHEFSTROOM.

**CORNER FRUIT STORE**
★
„U KEN ONS!!"

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE en KOLONIALE
• Wynsoorte en
• Spiritualieë

**J. TOD SUTTIE.**
Komplete
**Mansuitrusters**
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 177 — Telefoon 1.
POTCHEFSTROOM

**HAROLD'S**
AUTOMOBILE SERVICE STATION.
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
•
Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.

VIR AL U
FIETSE,
N.S.U. BROMFIETSE,
BROMPONIES en
FIETS HERSTELWERK.
BESOEK
**Park Fietswinkel**
(F. F. Tranter.)
H/v. Lombard- en V. Riebeeckstraat.
Telefoon 9954.




# *Die verantwoordelikheid van die Kunstenaar.*

Daar word in April aanstaande jaar 'n kongres van Afrikaanse skrywers belê waar die hele bespreking in die besondere verantwoordelikheid van die skrywer teenoor sy leser, van die kunstenaar teenoor kunsgenieter, sal wortel.

'n Mens wil graag aanneem, soos te veel al van allerlei verhoë af verklaar is, dat die Afrikaner unieke probleme teenoor hom gestel vind. Dit wil dan ook skyn asof die Afrikaanse kunstenaar, omdat sy spreek deur taal, wat by uitnemendheid kultuurdraende middel is—'n besondere roeping en taak moet hê. Dit word pertinent so gestel deur kultuurleidende skrywers soos D. F. Malherbe e.a.

In 'n vorige artikel het ek gepoog om die wond in die Afrikaanse prosa aan te wys as die adolessente instelling van ons leserspubliek, die gebrek aan waaragtige geestesvolwassenheid. As dan nou aangeneem word dat elke probleem ook sy oplossing het, sou 'n mens hierom te meer 'n besondere taak aan die Afrikaanse woordkunstenaar toesê.

Nietemin is die saak nie so eenvoudig nie, want daar is afdoende bewys vir die stelling dat die kunstenaar wat hom dit ten taak stel om op te hef, nooit 'n werklik diepgaande kunswerk kan lewer nie (of dan slegs by hoë uitsondering). Vandaar ook, reken ek, dat D. F. Malherbe selde aanspraak kan maak op 'n posisie hoër as dié van kultuurleier. **Die skrywer, en die kunstenaar in die algemeen, se taak is nie, en was nog nooit, om op te voed nie.** Wel word sy werk enigermate bepaal deur die gesteldheid van die volk waarin hy staan, omdat hy nooit kan losmaak van sy matrys nie, maar in enigste sin skryf hy nooit „vir" die volk nie. In eerste en laaste instansie skep hy uit homself, soos en omdat dit in hom gelê het. Hy kan alleen gee wat hy van God opgelê en gegee is om te gee. Hy vertolk, maar hef nie op nie. Dit mag nie verkeerd verstaan word nie: die werk van die groot kunstenaar sal altyd in wydste sin opheffend wees omdat die Goeie ingesluit lê in die Skone, maar die opheffing self is sekondêr: dit is 'n uitvloeisel van die kunswerk, nie 'n doelstelling daarvan nie.

Wil ek dan beweer dat die Afrikaanse kunstenaar geen besondere roeping bó enige ander kunstenaar het m.b.t. die opheffing van sy volk nie, dan mag wel gevra word: wat dan van die kunstenaar en die aanvaarde Afrikaanse beginsel van soli Deo gloria?

En ook hier glo ek dat die Afrikaanse kunstenaar nie doelbewus (die woord word hier in heel spesifieke betekenis gebruik) te werk kan optree nie: hy verkondig God in soverre hy alles wat hy het en sê, van God ontvang. Maar nou kan hy God verkondig selfs deur Hom te loën. Wanneer hy doelbewus poog om God voor die mense te dra, ontstaan 'n „Predikantekuns" soos in die Nederlandse poësie: dit bly dan by stigtelike, oordenkenswaardige werk sonder die sintese, geïntegreerdheid en deurwrogtheid van ware kuns. Hoe vreemd dit ook mag klink, dit is waar dat 'n kunstenaar alleen dán waaragtig sy roeping kan vervul, in Suid-Afrika soos elders, wanneer hy self eers „weet" wat hy wil sê nadat hy dit klaar gesê het: dit is 'n intuïtiewe skepping, nie 'n rasionele **nie.**

In Suid-Afrika kan die kunstenaar m.i. dus niks rasioneel bewus doen om die volk tot geesteswasdom te bring nie: genesing en volwassenheid moet van binne af uit kom, en die kunstenaar se aandeel daaraan kan hoogstens intuïtief wees.

ANDRÉ P. BRINK.

# IN INTER-KOSSITIEBOTSING SKOP KLAWERHOF SAND IN TEENSTANDERS SE OË!

Begelei deur die welluidende en musikale(!) geklank van 'n koshuisklok, in harmonie met 'n drom en 'n trekklavier en alle ander raasdinge waaraan 'n groep dames kon dink, sowel as die stemme van die nie-orkeslede, het Thaba-Jäh op Saterdagoggend 7 September, in volle getal in 'n goedopgestelde kolonne met Julia Botha aan die voorpunt, opgeruk na die Hokkiebaan, onder sing van „Ons is die Thaba-Jiete . ." (nie op die wysie van die „Dorelied" nie ! !) met Sandriena Veenstra as dirigent.

Streep-streep het lede van Kulu en Klawerhof se spanne aangekom. Ook Kulu se oudames veral, het in hulle volle getalle opgeruk as ondersteuners. Interkossitie! Dié gebeurtenis van die jaar! Die dorpshokkiespelende dames is uitgeloot aan die verskeie spanne.

Te midde van 'n skare wat byna mal was van opgewondenheid, het die spanne van Klawerhof en Thaba-Jäh opgedraf, en die toernooi het begin! Klawerhof se span o.l.v. Erna Erasmus, het goed opgeweeg teen die hewige aanvalle van die Hokkie-residensie waar o.a. Bennie (kêppie) en Ronél vurige aanvalle geloods het, ondersteun deur Rietsie, in die hok, wat mooi houe van Liza moes afkeer. Na 'n halfuur is die botsing beëindig sonder dat enige punte aangeteken is.

Daarna het Kulu en Thaba-Jäh aanmekaargespring. Kulu, nog uitgerus, het 'n skitterende vertoning gegee veral met veranderings soos Cecile (kêppie) en Miranda en Reneé in die kombinasie heelagter— doelwagter. Die voorlyn met Annemarie as middelvoor, kon egter nie veel uitrig teen die desperate keerwerk van Rietsie nie, en ook dié wedstryd eindig, ten spyte van die oorverdowende aanmoediging van die kant van die veld af van beide spanne, sonder enige punte.

Bewus daarvan dat die span wat nóu punte sou aanteken, uit die aard van die saak die wenspan gaan wees, en ook bewus daarvan dat die professionele „skieter" Elize in daardie span gaan wees, het Kulu en Klawerhof kragte gemeet terwyl die Thaba-Jiete hulle tydelik uit die voete gemaak hhet om die innerlike mens te gaan verfris in die Kafeteria. Ten spyte van skitterende spel van Kulu se kant, en selfs ook talle mooi stormlope, het Elize daarin geslaag om na 'n korthoek vir Klawerhof, 'n doel te skiet. Die wedstryd eindig dan ook 1—0 in Kl'hof se guns wat tegelyk die Interkossitie wen. Hiermee was die toernooi amptelik afgeloop, en so ook 'n aangename en opwindende oggend vir die drie spanne bestaande uit hokkiespelende sowel as nie-spelende dames, en entoesiastiese ondersteuners van uit alle oorde.

(N.S. In 'n wedstryd, daarna, tussen 'n groep mans en energieke dames, moes die skone geslag die onderspit delf ! ! !)

## SATELLIETE EN . . . . . .

Vanuit die „Internasionale krisis" oor die „Fish-pond" op 'n wrede en uiters diplomatieke wyse besleg is tussen die aristokratiese bewoners van die kompleks en die grot-bewoners van Dawiedoep aan die anderkant, het daar weinig oorgebly om die vet, uitgevrete lummels wat daagliks tot sat wordens toe slegs geniet van die koninklike spyse van Ta' Poppie, mee te vermaak.

Maar eendag . . . , . dit was 'n heerlike oggend . . . . is die vrede wreed versteur deur die opgewonde en aanhoudende geblaas van die lanksluimerende, slymerige, slakkerige ongediertes uit die dieptes van Gathland. Al piepende op twee verspotte agterpootjies het die inwoners van Heimat met stralende ogies na die hemelruim opgestaar en aanhoudend „Rus Rus!" gemompel. Geen mens, om nie eers te praat van die oerang-oetangs van „koeistal", kon iets van die gebrom uitmaak nie.

Eindelik het die verkrimpte inwoners van Vleuel, wat al op Mars was en dus ietwat verder ontwikkel is, alhoewel hulle nog heeldag sokker speel met pijamas, aangekondig dat dit 'n satelliet is—die ding waarvan hulle so baie sing in „rock-and-roll".

Die Wyses se veragtelike kommentaar op die wonderverskynsel aan die hemelruim, het tog nie die geesdrif van die ander groep in die kompleks gedemp nie. Vir hulle was dit 'n onverstaanbare wonder! Eeue het soos sleeptyd verbygevlieg terwyl hulle oor **DIE DING** geredeneer het. Alles en elke ding en nogwat is beredeneer reeds lank nadat die koffiekan se boom sigbaar was. Een aspek het vir die verbaasde koffiekanfilisowe soos 'n paal bo water gestaan: hulle kan dalk maan toe gaan! Maan toe . . . . . ja, dit is nog moontlik, maar nie Mars toe nie want daarheen het alleen die Wyses van Vleuel toegang.

Maar op die balkon van hul aardsgevestigde interplanetêre woning skud die Vleuelbewoners soos hulle lag. Aaklige, langgerekte „hie . . . . hie . . . . . !" geluide kom uit die maer verkrimpte lyfies, terwyl die ogies koeëlrond stralend is agter die dik lense.

Hie . . . . hie . . . . ! Laat hulle maar gis en wonder, die Wyses van Vleuel ken die geheim, en . . . . hulle kan 'n geheim hou!

# Somersport begin

KRIEKET:

Puk se eerstespan het in hulle eerste wedstryd hierdie seisoen korte mette gemaak met hulle teenstanders. Die wedstryd kan egter nie heeltemal as maatstaf dien vir die wedstryde wat voorlê nie, omdat dit slegs 'n vriendskaplike wedstryd teen Volkskool was. 'n Groot terugslag vir Puk is dat kaptein Ben Potgieter rondstap met sy arm in gips en dus nie beskikbaar is nie.

Volkies het eerste gekolf en kon 47 lopies aanteken. Indrukwekkende boulwerk is lewer deur C. Coetzee 3 vir 10, en Faul 2 vir 1.

Die Pukke het geen moeite ondervind om die telling verby te steek en met 5 paaltjies te wen nie.

**IIe SPAN:**

P.U. II het goed afgesit deur Potch. Dorp II te wen met 7 paaltjies. Danksy goeie boul- en veldwerk kon Ig. span in hulle eerste beurt slegs 'n skamele 26 lopies opstapel. Dupper het 3 paaltjies platgetrek en Howell 4, waaronder 'n driekuns. Puk het geantwoord met 46 lopies waarvan G. Snyman 12 aangeteken het.

In hulle tweede beurt het die dorp hulle beurt op 70 lopies vir 7 paaltjies gesluit verklaar. Puk moes toe 52 lopies in 32 minute aanteken om te wen. Veral Goossens en Dupper het toe vasberade losgetrek en 62 lopies is in die vereiste tyd gemoker vir die verlies van 4 paaltjies.

Sonder twyfel was dit 'n uitstekende begin.

BOFBAL:

Hoewel die seisoen ingelui is met 'n neerlaag teen Strathvaal A, kan die Pukkies nie hierop veroordeel word nie. Met Makkink en Nic Viljoen nie beskikbaar en 'n paar onervare spelers in hulle geledere, het Puk nooit die indruk geskep dat hulle heeltemal oorskadu is nie. In die tweede laaste beurt het hulle selfs nog 4 lopies aangeteken.

Kort Stoney het waardevolle werk vir sy span op die gooiersplaat verrig en kaptein Hennie het steeds konstante spel gelewer beide as vanger en kolwer. Opmerklik is die groot aantal teenstanders wat op Eerste Rus uitgesit is waar Horst Wiese uitgeblink het.

Die samespel sal moet opgeknap word en die Buiteveldspelers se reaksies sal moet vinniger geskied. Die Puk se kolwers was egter die grootste swakpunt. Hier moet egter bygevoeg word dat Strathvaal se gooier, Van der Merwe baie akkuraat gegooi het.

Die vertoning van 'n paar jonger spelers het die hoop laat opvlam vir die toekoms.

## DIE SATELLIET HET GEBLOOS . . . . .

Dit is deesdae netso uit die mode om te loop as om in vervoering te raak oor die maan. 'n Mens „bunk" om te swot en jy neem laat aand om te kyk wanneer kom die satelliet verby . . . . . gevolglik die modernisering van ons opskrif.

So van Spoetnik gepraat, sommer die heel eerste aand van die nuwe kwartaal het amateur sterrekundiges na hulle verkykers en teleskope gegryp toe 'n eienaardige verskynsel by Kulu se voordeur hom voordoen. Daar het naamlik twee liggies vanuit Kulu tevoorskyn gekom en een van die Kompleks se kant af—by die voordeur was daar 'n samevloeiing tot een groot verblindende lig. By nadere ondersoek was ons vriende die sterrekundiges egter teleurgesteld, want die verskynsel kon soos volg verklaar word: die twee ligies van Kulu was naamlik afkomstig van Debora en haar splinternuwe Stern's ring, en . . . . (ja, u het geraai) die ander een was was natuurlik Josef J.

Dokkie Coetzee en Hercula van der Merwe het hulle ou sakie al voor die vakansie beklink in die hoop dat hulle stil-stil oorgesien sal word deur die maan se bydrae tot die pers, maar hulle is heerlik uitoorlê!

VAKATURE.

Die Weste het 'n vakature vir 'n gegradueerde as verslaggewer. Kennis van fotografie en sport 'n aanbeveling. Geleentheid sal ingeruim kan word vir bywoning van klasse in joernalistiek wat a.s. jaar deur die P.U. aangebied word. Doen navraag by die Redakteur.

J. HEIDEMA
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)
* 
Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot
Fietsmotors £39/-/-

PRO REGE-PERS
Boekhandel
en
Antikwariaat.
vir al u
Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

DIE BULT
SKAATSBAAN
„PUKKE ondersteun ons vir
AANGENAME
ONTSPANNING"
Oop vanaf 7.30 in die aand

J. P. van der WALT
APTEEK
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-
P. U. KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van
'n APTEEK verlang word.

ARCADIA
Dames- en Mans-
HAARKAPPERS
VIER GEKWALIFISEERDE
HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk"
is ons leuse.
Rokersbenodigdhede en
Fantasiegoedere

Studente . . . !!
vir al u
● Handboeke,
● Skryfbenodighede,
● Leertasse,
● Geskenke, ens.!
BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!
POTCHEFSTROOM
BOEKHANDEL
Kerkstraat 126 —Telefoon 497

WESTVAAL
Studente !!!
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
WESTVAAL

PRESIDENT CAFE
and
GRAND CAFE
FOR:
● SWEETS,
● GRILLS
and
● COOLDRINKS

TURKSTRA
BAKKERY
(Edms.) Bpk.
Kerkstraat 61.
RAADPLEEG ONS VIR . . .
● BROOD
en
● ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . .

KOM SIEN ONS—
vir al u
● Fotografiese
en
● Aptekersbenodigdhede.
GEEN & VELLEMAN
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

JAY'S GARAGE
(K. NODEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175.
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
● MASSEY-HARRIS TREKKERS
● PLAASGEREEDSKAP,
● PLANTERS en STROPERS.
● S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

UNIE BAKKERYE
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede
TROU , VERJAARDAG- en
DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

OOSTHUIZEN
Kole-agentskap.
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

Drink S & S en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER
FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

MOOIRIVIER-
APTEEK
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380
Die Apteek vir Diens!!

GEDRUK DEUR ENSLINS, POTGIETERSTAAT 31, POTCHEFSTROOM